Weg!

KNIP UIT EN BÊRE Twee bladsye fotografiekortpaaie

2016

Neem beter FOTO'S

10 PUIK WENKE

- Kry daai **kampvuurfoto**
- Kiek 'n **voël in vlug**
- Raak **velddiepte** baas
- Beplan perfekte **reisportrette**
- Maak kuns in **swart-wit**
- Flankeer met **lensfraksie**
- Tem Afrika se wildste **sonsondergange**
- Vang die **kinders** onkant
- Neem die mooiste **silhoeëtte**
- Gebruik 'n **filter** (reg)

Vier Nikon-fotograwe deel hulle geheime

Leer by die meesters!

KAMERA-KOOPGIDS
Van 'n groot Canon tot 'n piepklein GoPro

SAGTEWARE
Vat jou gunstelingfoto's na die volgende vlak

INSTAGRAM
Rusbankreis saam met SA se beste kiekers

R57 (BTW ingesluit.)
Ander lande R48,25

9 771230 706008 03002

waarom **Nikon**?

VOLLE HD-VIDEO
Neem pragtige HD en skep herinneringe

Nikon wil jou nie net puik HD-SLRs stilfoto's gee nie, maar video's ook. Met die druk van 'n knoppie neem jy volle 1080p-video met volle tyd-outo-fokus en ultra-hoë resolusievertoon, wat dit maklik maak om jou beeldmateriaal te raam, monitor en hersien.

NIKKOR-LENSE
Vang die asemrowende skoonheid van jou wêreld vas

Vir puik panoramas, ingewikkelde nabyfoto's en alles tussenin, kan jy die asemrowende wêreld in beeld vaslê. Met die kombinasie van gevorderde ontwerp, superieure gehaltemateriaal en produksietegnologie, bied NIKKOR 'n groot verskeidenheid lense om in al jou behoeftes te voorsien.

NIKON-SKOOL
Kundige leiding om beter foto's te neem

Kry die meeste uit jou Nikon-toerusting met gratis kamera-opleidingskursusse wat ontwerp is om die basiese gebruike van jou Nikon-toerusting bekend te stel en te verseker dat jy die volle potensiaal daarvan ontsluit.

WI-FI-BEVOEG
Deel jou herinneringe onmiddellik aanlyn

Jy kan nou outomaties foto's direk na jou slimfoon stuur sonder internetkonneksie deur die opsionele WU-1A-draadlose selfoonpasstuk of ingeboude Wi-Fi-bevoegdheid (spesifieke modelle). Met die WMU App kan jy maklik foto's na jou foon oordra en sien!

KLANTESORG
Kry noodsaaklike diens met Nikon

Nikon het interne herstelsentrums met hoogs opgeleide tegnici wat bly by Nikon se internasionale herstelprosedure. Dit verseker dat herstel vinnig gedoen word met 'n betroubare ondersteuningstelsel, en slegs egte Nikon-onderdele word gebruik.

www.nikon.co.za

Nikon

Vang herinneringe vas

Ek het onlangs my motorhuis skoongemaak en 'n boks ou skyfiefoto's gekry. Die meeste was van 'n reis wat ek en my gesin jare gelede onderneem het Botswana toe. Daar in die oprit hou ek toe elke skyfie teen die lig en oombliklik is ek teruggevat: Ek kon die gebrul van die Land Rover hoor terwyl dit oor die lendelam stompe van die Third Bridge in Moremi ry; ek onthou daardie misoggende wat ons ouers ons uit die tente getrek het voor sonsopkoms en ons snoesig onder duvets agter in die motor gesit en gesoek het na diere; ek kon die beskuit proe wat ons in fleskoffie gedoop het; en sjoe, daai keer wat 'n yslike peul uit 'n worsboom geval en amper my pa harsingskudding gegee het!

Dis wat fotografie so spesiaal maak: Elke druk van die sluiterknoppie vang 'n breukdeel tyd vas; 'n breukdeel wat jou sal terugvat na 'n spesifieke oomblik, 'n dag, 'n vakansie.

En dis nog 'n goeie rede om die foto reg te kry – om die toneel af te neem soos jou oë dit waargeneem het. Partykeer is dit maklik: Mik, druk, voilà! Ander kere kos dit 'n bietjie vroetel met die knoppies om te kry wat jy wil hê.

Dís hoekom ons hierdie gids saamgestel het. Dit gee wenke om spesiale oomblikke moeiteloos vas te vang – met die minimum gesukkel sodat jy meer tyd het om na die kampvuur te staar of die ervaring van 'n leeuvangs waarlik te kan inneem pleks van bekommerd wees oor jou verstellings.

Daar's selfs twee bladsye met kortpaaie vir jou kamera (bl. 31) om uit te knip en in jou kamerasak te hou vir ingeval jy vergeet wat jy moet doen. Moenie bekommerd wees nie, ons almal vergeet dié soort dinge!

Hier is ook 'n goeie dosis inspirasie van 'n paar professionele fotograwe wat al daar was (en 'n foto het om dit te bewys), plus wyse woorde van Toast Coetzer oor hoe jou gunstelingstokperdjie nuwe vriendskappe kan bring...

Lekker foto's neem!

Sam

SAM REINDERS
editor@gomag.co.za